NUUSBRIEF Nr. 29 **November 2017**

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

MAANDELIKSE VERGADERING

Maandag, 27 November 2017: 09h00 vir 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

Die Suider-Afrikaanse Voëlatlasprojek.

Johan van Rooyen

Johan van Rooyen van die U3A Voëlgroep gee 'n vorderingsverslag van die Tweede Suider-Afrikaanse Voëlatlasprojek (SABAP2) wat ten doel het om die verspreiding en relatiewe voorkoms van voëls in Suider-Afrika aan te teken. Die projek dek Suid-Afrika, Lesotho, Swaziland en Namibië, en is belangrik om die bewaringstatus van voëlspesies te bepaal, sowel as veranderinge in verspreiding en getalle oor tyd.

Gaste en nie-lede is welkom; toegang is gratis.

DIT EN DAT …

Oktober Maandelikse Praatjie.

Anna Hattingh, 'n plaaslike prokureur, het gepraat oor die Lewende Testament. Sy het verduidelik watter wetlike detail in plek moet wees ten tye van 'geen redelike vooruitsigte vir herstel van fisieke siekte of benadeling'. Die gehoor het bygedra met vrae, komentare en punte van belang, asook idees oor orgaan donasie registrasie. Me Hattingh het U3A lede uitgenooi om die geleentheid te gebruik om gedurende November 2017 gratis 'n Lewende Testament op te stel. Ons weet van ten minste een U3A lid wat die dag na die praatjie in Anna se kantoor was.

Jagersbosch Fonds.

Die Oktober uitloting het R341 opgelewer, en die TED praatjie R164; die twee Historiese Bergpasse Uitstappies in Oktober het R116 bygedra. Ons erken ook met dank Eric Kaplan en Rosanne Zuber se donasie van R200, die fonds staan nou op R5,620.67.

Jagersbosch het nou 'n nuwe Raad van Direkteure, hul primêre taak is om 'n omkeer strategie daar te stel om Jagersbosch op 'n gesonde finansiële basis te plaas. Ons is in kontak met die Raad, verskeie U3A Stilbaai lede dien op die nuwe Raad, en vroeg volgende jaar sal ons bepaal hoe ons die Fonds tot voordeel van Jagersbosch kan aanwend.

Vir 'n volle lys van alle bydraes, sien die Jagersbosch Fonds blad op ons webtuiste. Ons bankdetails is op die webtuiste as iemand 'n donasie wil maak. *www.u3astilbaai.org*

Lidmaatskap

Sewentien persone het aangesluit of hul lidmaatskap hernu gedurende Oktober en vroeg November; ons ledetal is nou 207, maar almal is nie opbetaalde lede nie aangesien twee nuwe lede nog hul

ledegelde moet betaal. Lede word herinner om hul nuwe 2017/18 naamkaartjies te kollekteer – die naamkaartjie moet asseblief na alle U3A funksies gedra word.

Neem ook asseblief kennis dat die U3A kursusse, groep aktiwiteite en uitstappies slegs vir lede is, die hoofrede is dat ons grondwet vrywaring aan lede teen besering en skade verskaf. Lede is welkom om gaste wat Stilbaai besoek saam te neem, of indiwiduê uit te nooi wat julle aan U3A Stilbaai wil voorstel. As permanente inwoners van Stilbaai gereeld wil deelneem, moet hulle by U3A Stilbaai aansluit; R30 per jaar is sekerlik 'n bekostigbare bedrag.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Die volgende kursus word tans aangebied:

- **Voël identifikasie vir beginners** : Drie voël identifikase kursusse is vir 2018 beplan, die eerste is 'n Engelse kursus in Februarie (daar is nog een plek oop hier); die tweede in Maart/April (Afrikaans) is reeds vol; die derde kursus sal later in die jaar aangebied word. Kontak asseblief vir Johan op *rooyenvanjohan@gmail.com* as julle belangstel.

TED PRAATJIE

Weens onvoorsiene omstandighede moes ons hierdie maand se TED Praatjie kanselleer.

Volgende jaar sal die TED Praatjies op die TWEEDE Woensdag van elke maand aangebied word – die eerste TED Praatjie vir 2018 is op 14 Februarie 2018.

Lawrence Barltrop koördineer die TED Praatjies; kontak hom asseblief op *barltrop@vodamail.co.za* as julle 'n interessante onderwerp het, of as julle 'n aanbieding oor 'n spesifieke onderwerp verlang.

TED is 'n onpartydige beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as 'n konferensie waar Tegnologie, die Vermaaklikheidbedryf en Ontwerp ("**T**echnology, **E**ntertainment & **D**esign") vergader het; vandag dek dit alle vakgebiede – van die wetenskap tot die sake wêreld tot wêrelds-kwessies. Kry meer inlgting by *www.ted.com*.

U3A STILBAAI GROEPE

Die volgende groep aktiwiteite vind plaas:

- **Stapgroep** : Die groep stap elke Vrydag oggend. Kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.
- **Wandelgroep** : Die groep stap elke Vrydag oggend om 08h00. Kontak Debra by *barltropd@gmail.com* vir meer inligting.
- **Voëlgroep :** Kontak Johan by *rooyenvanjohan@gmail.com* indien u belangstel om by die voëlgroep aan te sluit.
- **Fotografie Groep** : 'n Fotografie groep is gestig, enige lid wat belangstel kan Lawrence by *barltrop@vodamail.co.za* kontak.
- **Aandele Groep** : Die Aandele groep kom gereeld bymekaar; lede wat belangstel kan Christo by *christoprins208@gmail.com* kontak.
- **Moontlike Neuro-wetenskap Groep** : As lede belangstel in neuro-wetenskap besprekings, kontak Stefan by *stefanpretorius877@gmail.com*.

U3A STILBAAI UITSTAPPIES

Die ses historiese bergpasse uitstappies wat van Junie tot Oktober plaasgevind het, het 'n totaal van 92 deelnemers gehad. Vyf persone wat as gaste op die uitstappies gegaan het, het sedertdien by U3A Stilbaai aangesluit. Hierdie populêre uitstappie sal dalk weer volgende winter aangebied word as daar genoeg belangstelling is.

Daar is geen verdere uitstappies hierdie jaar nie, maar ons ondersoek 'n aantal interessante uitstappies vir volgende jaar; ons sal julle laat weet sodra ons meer inligting het.

KOMENDE PRAATJIES ...

Ons het ‘n aantal sprekers vir volgende jaar, maar ons wag nog vir bevestiging van ons Januarie en Februarie sprekers. Ons sal ons lede laat weet sodra ons ‘n bevestigde program het vir die eerste aantal maande van 2018.

Ons het nie enige aktiwiteite vir die vakansie seisoen beplan nie; maar as u weet van enige persoon met ‘n besondere belangstelling wat Stilbaai gaan besoek en bereid sal wees om ‘n voordrag te maak, laat ons asseblief weet by *info@u3astilbaai.org* sodat ons dalk ‘n skemer vergadering by Die Waenhuis kan reël.

Kontak ons as u terugvoering het oor enige praatjies, kursusse, groep aktiwiteite of uitstappies; of as u voorstelle het vir nuwe praatjies, kursusse, of groepe wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

---oooOOOooo---

U3A Stilbaai *verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.*

BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING : WWW.U3ASTILBAAI.ORG.
KONTAK ONS BY INFO@U3ASTILBAAI.ORG